

## HOOFSTUK I

# Ons bly in 'n klein wit huisie by eendag lank, lank gelede



Op 'n bult, iewers in die eindelose land van ruimte, sit 'n klein wit huisie en kyk geduldig oor die wydheid. Sy sit in die arms van twee oeroue bruin berge. Haar voordeur kyk sag na die twee kolosse: die Man-berg en die Vrou-berg, en haar klein venstertjie kyk grootoog na die wye vlaktes. Die silwer maan kom loer gereeld oor die skouers van die berge en die seisoene bepaal oor watter berg die silwer maan haar gesig sal uitsteek. Die sagte sterre skuif volgens 'n hemelse kaart oor die klein wit huisie en hulle

liggies skyn plek-plek deur die gaatjies van haar plat dak. Sy sien die wolke deur haar slaapkamervenster vanuit die weste saampak, en as die wolke hulle water oor haar kom uitgiet, staan sy roerloos onder die gekletter op haar sinkdak. As die son versengend op haar neerskroei in die somer, luister sy ingedagte hoe haar dakplate kraak. As die winter met wit tande om haar mure loop en grom, knetter haar vuur die koue weg van die wit mure. Soggens, douvoordag, luister sy na die voëls se opstandingslied en as die reën naby is, luister sy verwonderd na die gorrelgesang van die bloukraanvoëls. Net na twee in die somernagte is dit sý wat die eerste haan hoor kraai. In die winter staan sy met geduld sterk en regop in die koue kloofwind. Seisoene, sterre, son en maan skuif oor haar hier op die bult en skryf hulle geheime geskrifte oor al vier mure. Sy sug sag in die nag as sy die wondere aanskou en soggens, as die eerste son haar mure goud tint, glimlag sy vol geheimenis.

Die Groot-Karoo hou die klein wit huisie in die palm van haar hand en luister liefdevol na haar reëlmatige hartklop wat doef-doen in harmonie met Moeder Aarde se hartslag klop. En party nagte, wanneer die mense slaap en die nagdiere jag, maak sy haarself los van die bruin aarde en hang met silwer stringe aan die sterre. Die wind wiegelied haar dan saggies heen en weer, en in haar afkyk verstom sy haar elke keer oor hoe mooi en rond die aarde is. Haar vierkantige mure word dan 'n sirkel saam met die maan en as sy in die vooroggend stadig afdryf grond toe, land sy saggies en word weer die klein wit huisie op die bult.

Op haar dak dra sy 'n regop skoorsteen as 'n hoedjie wat

die rook van die oranje vuur in haar es as rookoffer aan die berge maak. Voor hierdie warm doringhoutvuur sit 'n lang vrou met groot bruin oë en 'n ou man met reguit skouers en sagte oë in die koue wintersdae met stemme en stories wat teen haar mure fluister. Sy hou hierdie twee mense vas in die arms van haar wit mure, luister na hulle stemme en glimlag sag van blywees dat hulle húl skuiling in haar vind.

Met haar venster aan die oostekant kyk sy uit op die Vrou-berg en die eerste kamp van die trop windhonde, die kamp van Sterling, Danster en Joey Môrester. Sy kyk elke dag hoe die lang vrou met die groot bruin oë die hek oopmaak, laag oor elke dier buig, saggies met hulle praat, oor hulle vryf. En sy hou elke keer verwonderd dop hoe mens en dier keer op keer in mekaar in smelt.

Aan haar westekant kyk sy deur die venster op die Blomtuin-kamp, die windhonde, Ragel en Robyn Blomtuin, verder aan Audrey, Klein Ben en Rosie van die Velde Blomtuin.

Aan haar noordekant, wat uitkyk op die Man-berg, is die kamp van die twee kelpies, Maria Callas en Hintsas. Sy staan geanker en vasgeweef deur die spinnewiel van silwer draad wat die honde aan haar buitemure vashou. Snags dein die asem van mens en dier deur haar mure. Oor die vlaktes hoor sy die jakkalse en 'n uil daar ver in die skuur roep. Die honde antwoord die jakkalse met 'n sagte grom en as die lang vrou met die groot bruin oë soggens haar groen deur oopstoot, waai elke hondestert in verwelkoming.

Naby haar es in die winter spin drie katte, en in die somer lê hulle lui op haar voorstoep. Die diereryk in en om die huisie word voltallig met die grys papegaai wat teen haar

suidemuur die wêreld bespreek met almal wat ore het en wil luister.

Die klein wit huisie kyk soggens hoe die hene en die hane oor die werf skrop as hulle draadhuis oopgemaak word, hulle draadhuis wat muskeljaatkat en muishond snags uit-hou.

Die huisie voel hoe die twee mense se lag liggies in haar mure bewe. Ander tye kyk sy teer as hulle met krom skouers snik wanneer die weemoed hulle oorval. Sy sit stil om hulle as hulle in groot stilte na die vuur sit en kyk. Op die werf hou die klein wit huisie die windpomp dop en wieg saggies op die maat van die wind.

Op 'n bult, aan die voet van die Man-berg en die Vrou-berg, staan 'n klein wit huisie met die môrester wat soggens sy skyn laat skitter op haar blink platdak.

HOOFSTUK 2  
Goue getroue lint, die  
storie begint



“Die lang man sonder skaduwee,” so het die oumense gegraat wanneer hulle die grondpaaie beskryf het wat oor die rug van vlaktes loop soos linte wat plase en veeposte en dorpe aan mekaar bind. “Die lang man sonder skaduwee” was ’n raaisel wat die oumense vir mekaar gevra het om ’n stram geselskap aan die gang te kry.

In die tyd van perdekarre en donkiekarre was die grondpad ’n stille getuie en bondgenoot van alle reisigers. Vandat motors hulle spore begin trap het op hierdie paaie, sal die

stoffint vir myle bokant die pad hang en sal die reisiger se koms van ver af aangekondig word.

Op windstil dae oor die wye vlaktes van die Karoo lyk dit asof die hele grondpad in die lug hang as jy van ver af 'n motor sien ry, met die pad in die lug wat spieël vir die grondpad op die aarde. Geluidloos, in die ritme van stof, dryf hierdie pad op boontoe totdat dit in die blou lug verdwyn. Korrels stof gaan lê dan later op nuwe plekke: party in die veld, bo-op die Anker-Karoo, ander gaan vind rusplek op 'n ander deel van die grondpad, ander word gewigloos in lugstrome weggevoer na onbekende plekke toe.

As ek en oom Johannes die bakkie se neus in die pad steek om dorp toe te gaan, begin die grondpaadjie klein en klipperig, 'n tweespoorpad waarop die ryding moet loop stap, stadig verder van die werf af. Wiegend en tydsaam begin die reis en die spoed waarteen die bakkie loop, laat ons twee reisigers toe om in die veld rond te kyk. Die reis begin altyd vroeg soggens omdat die pad lank is en lank vat, want 'n grondpad dikteer jou spoed. Jy kan nie die teerpad se spoed op 'n grondpad ry nie. In die winter kom daar jagters van oor die hele land wat springbokke kom jag in die Karoo en dan sien 'n mens gereeld wit glymerke wat skielik van die pad af verdwyn en 'n ent verder 'n bumper of 'n nommerplaat soos die grondpad die motor van hom afgeskud het. Die lang man sonder skaduwee het sy eie erekode.

Terwyl ons dan so stadig soos 'n boot deur die vlakke klief, sien ons party oggende die troppie bakoorkakkelse op pad na hulle gate toe, met hulle groot swart ore wat ver

bokant die bossies uitsteek van waaragter hulle jou sit en bekyk. Dan draai ons ons ruite oop en sê: “Môre, môre!” en voor ons stadig weg stap-ry, sal die oom sê: “Nou toe! Gaan slaap nou!”

’n Groot bonus is as ons twee die sekretarisvoëls onder in die vlakke sien. Statig en regop, langs mekaar op soek na insekte en slange. Dan sal die oom sê: “Sien jy, Juffrou, hy hou nie daarvan om ou spoor te maak nie. Hy sal altyd voor jou oor die pad vlieg, of heeltemal weg van jou vlieg, want sy spoor is vir hom kosbaar.” En as hulle land, sal die oom weer sê: “Die mens het mos die erremplyn afgekyk by die sekretarisvoël.” Hy land nes ’n vliegtuig as hy met sy groot vlerke soos ’n Russiese ballerina met lang bene ’n ent sweef-draf voordat hy stap-stap land om weer verder te wei. Die man met die swart kniebroek wat lyk asof hy sy hande agter sy rug hou terwyl hy met ’n ernstige gesig jag.

Kort voor lank is ons by die lynhek: die wagposte van die lang man sonder skaduwee. Baie dinge gebeur by ’n hek, soveel meer ’n lynhek, wat tussen jou en jou buurman is. As jy gelukkig is om iewers by ’n vuurtjie in ’n kring te sit by storievertellers van die outyd, sal jy hoor van die mirakels, die spoke en die kwaai beesbul wat elke reisiger by ’n hek lê en inwag. Oom Johannes vertel graag hoe sy pa vir hom een keer gesê het: “Mens moet vir bang gaan soek dat jy hom kan leer ken en dat jy kan leer van dapper wees.” As jong man het hy by homself gedink: Ag, my pa praat sommer. Die laaste woorde wat sy pa vir hom gesê het, was: “Jy moet net jou glo voor jou bang staan maak, my kind.”

Hierdie woorde laat my toe dink hoe bang ons moderne

mense is vir dit wat ons nie kan sien nie. Polisse en spaarplanne maak die bang in ons wakker vir: Wat gaan gebeur as ek nie eendag genoeg geld het nie? Wat gaan ek maak as ek in die hospitaal moet gaan lê en my siekefonds wil nie uitbetaal nie? En as my aftreeplan nie reg uitwerk nie? Wat gaan ek doen om ordentlik te kan aftree? Ons is nie meer bang vir leeus in die bos of kwaai bulle langs die pad nie. Ons lewe in vrees vir dit wat gaan kom en die meeste vrees lê diep geplant in siekte en die tekort aan geld.

Nadat oom Johannes se pa vir hom gesê het hy moet bang gaan soek, het hy besluit om die volgende naweek op 'n plaas te gaan kuier. Die plaas was so drie plase van die plaas af waar hy saam met sy pa-hulle gebly het. As jong man was sy fiets nog sy Mercedes. Net manne met vrouens het destyds donkie- en perdekarre gehad en 'n jong man sonder 'n vrou het sy fiets gehad.

Elke grensdraad van elke plaas het 'n lynhek en op hierdie lang man sonder skaduwee was die wagposte baie. So het oom Johannes by die groot manne se gesels saans ingeluister en gehoor van die twee spoke by een van dié hekke, 'n lynhek. Dit was twee manne wat doerie jare oor 'n meisie baklei het. Hulle het mekaar uitgedaag: die een wat wen, kan haar kry. Hulle gestoei, geslaan en gevloek op mekaar het soos 'n ewigheid gevoel. Ná 'n tyd pluk die een 'n mes uit en die ander jong man laat ook nie op hom wag nie. Teen dié tyd was albei baie moeg en na 'n paar minute van meswys, het hulle mekaar bevlieg en het albei net daar omgekrom, elkeen met 'n mes in die maag. Hul geeste kon nie rus nie omdat hulle so woedend gesterf het



en vir jare nou al sien 'n mens die twee geeste elke volmaanaand baklei – vir die dood.

Laatmiddag het die oom sy kuierklere aangetrek en met sy blink fiets stadig van die werf af wegger. Die eerste ent van die reis was heerlik, die sonsondergang was pragtig en die fietswiele het gezirrr-zirrr soos die klippe minder en die grond gelyker geword het. Teen die tyd dat hy naby die hek kom waarvan die grootmense gepraat het, was dit al donker. Die oom vertel soos hy nader aan die hek gekom het, het hy bewus geword van die bang waarvan sy pa gepraat het. Daardie bang het sy hart begin druk in sy groot vuis. “Ag, ek skrik nou nie vir koue pampoene nie,” was sy woorde aan sy ouers toe hy hulle groet en sy pa van daardie hek begin praat het. Die woorde het toe 'n hol klank begin kry.

Dit was 'n windstil aand. As 'n mens bang is, skrik jy vir enige geluid of vorm en skielik hoor die oom 'n wreedaardige geluid. In die spokerige lig van die maan het hy meteens twee figure die dodedans sien dans. En die oom vertel toe hy wil voel waar sy hoed is, toe is sy hoed hoog bokant sy kop soos wat sy hare gerys het. Hy was yskoud, maar die sweet het van hom afgetap en toe weet hy: vanaand het hy vir bang gekry.

Met sy hart in sy keel en sonder om te durf asemhaal, het hy sy fiets verby die twee vegtende manne gestoot, die hek so vinnig en saggies moontlik oopgemaak, en toe die hek toe is, het hy so vinnig as wat sy bene kon trap weg van die twee vegtendes gery en eers 'n lang ruk later het hy weer vlak begin asemhaal.

Elke keer wanneer die oom vertel van die dag toe hy bang gekry het, lag hy diep uit sy keel. “Jou bang maak jou eers souerig en dan maak hy jou dapper, Juffrou. Jou glo en jou dapperheid – dis jou doepa en jou paljas.”

Ons tweespoorpad dorp toe van Theefontein af is soos ’n naelstring wat ons vashou soos ons stadig deur die landskap wieg met ou Dapper, die diesel, op die genadige lang man sonder skaduwee. Dit hou ons vas as ons soos vlakhase deur die dorp hardloop om alles klaar te kry en dan weer trek hierdie naelstring ons terug huis toe, eers met ’n stukkie teerpad, dan met die groot grondpad, en dan na ’n groterige tweespoorpad tot by die klein klipperige veldpad, tot binne-in die skoot van ons paradys: Theefontein.

As ons by die lynhek stop, klim oom Johannes stadig uit en in die winter is die uitklim stram en geboë en die hek yskoud wit geryp. En in die somer is die yster van hierdie lynhek weer koel, soos ’n lafenis. ’n Hek op ’n plaas is ’n baie belangrike oop- en toemaakding. Een van die goue reëls op ’n plaas is dat jy altyd die hek wat toe was weer toemaak en die een wat oop is weer oop los. ’n Goeie buurman word gou jou vyand as ’n toe hek oopgelos word, want die lynhek is die grensdraad van jou en jou buurman. En as julle onverskillig omgaan met die hek, loop julle skape deurmekaar en ramme dek ooie wat nie gedek moes gewees het nie. ’n Toe lynhek is die fondament van volgehoue vriendskap. Nou kom die klipperige stuk van Pienaarsrante en Dapper gaan van stap-ry na kruip-ry.

Hier op Theefontein het ek vele kere vir bang raakge-loop. Partykeer het ek hom gaan soek en ander kere het

ek sommer so onverwags op hom afgekom. Een van my grootste bange is vir vassit in die modder wanneer dit gereën het. Onder by die eerste motorhek, net nadat jou wiele gekirrr het oor die motorhek, lê die bos. Dié is 'n legendariese plek vir vassit, met sy kleigrond wat soos seep word as dit gereën het. En hier sit jy vas, vas tot op die as. Vas. Een van die lekkerste dinge om in die Karoo te sê is: "Nee jong, ek sal nie daai afspraak kan nakom nie of daai lekker kuier kan bybring nie. Ek sit vasgereën." Op Carnarvon waar ek skoolgegaan het, was dit altyd so lekker as die skoolhoof op 'n Maandag aankondig: "Die plaaskinders sal nie vandag en miskien ook nog nie Dinsdag in die skool wees nie. Hulle sit vas agter die rivier." Dis 'n groot voorreg vir 'n Karoomens om agter 'n rivier bulderende bruin water te moet sit en te wag tot die water sak.

Op Theefontein sit 'n mens agter die bos. As dit reën, sal ons ons dorp toe gaan skuif totdat die modder droër is, maar partykeer is daar 'n indruklike ding en ons móét dorp toe. Daardie môre staan ek met 'n knop op my krop op, want ek weet: vandag moet ek met my glo voor my bang gaan staan.

Dit het my baie lang, bang jare geneem om te verstaan hoekom die oom die vreeslikste stories oor vassit vertel soos ons naderkom aan die bos. Van hoe almal weggespoel het, donkiekar inkluis, toe die mense nie die rivier reg gelees het nie en ingegaan het in waters waar hulle nie moes nie. Met die tyd het ek begin verstaan dat hierdie stories die regte medisyne op die regte tyd was. My verbeelding het die storie uitgespeel en my weggevat van my eie vassit af en stories, soos kruie, maak gesond.

Ek het al baie keer vasgesit. Die distrik lê besaai met stories oor hoe groot my oë en hoe vlak my trane was as ek die keer vasgesit het. Ek het al so hard gehuil toe ek vassit dat die buurman wat my moes kom uithelp, my af weggesteier het asof hy 'n spook gesien het. Maar nooit was my vassit of my wegspoel so erg soos die oom se storie nie.

Die wegspoel-en-vassit-storie sal begin net soos ons die werf uitry en my hart al klaar te vinnig klop. Jy kan nooit voorspel hoe jy in modder gaan ry of gly nie. In die modder volg Dapper, my diesel, sy eie kop. As ons by die motorhek kom, onderbreek die oom sy storie terwyl ek Dapper se diff lock aansit en hy sê: “Nou moet Juffrou glo en die stuurwiel liggies vashou. Moenie dit vasklou nie. Laat die bakkie loop waar hy wil. Juffrou kan hom net so nou en dan keer.” En as ek begin glo en myself veilig anderkant die bos visualiseer, dan krimp my bang so 'n paar meter en dan sal die oom sy laaste sin sê voordat ons in stilte deur die bos gly-rev-gly: “Onthou, Juffrou, moenie dat die bang Juffrou se neusgate so wyd rek nie. Bly haal net asem.” En dan giggel ek gewoonlik, en nog 'n entjie agteruit staan die bang.

As ons wonder bo wonder anderkant uitkom, sal ek gewoonlik die oom een kyk gee, 'n klein giggel gee, en dan uitbars in trane. Dan sal die oom droog sê: “Kyk nou waar bring glo 'n mens, Juffrou.” Die oom is al man wat ek ken wat nie bang word as 'n vrou huil nie. Die hele dag in die dorp loop en dink ek net aan een ding: vanaand moet ek nou weer deur die bos. En dan, voor ek te bang word, glo ek weer.

As ons deur die lynhek is, verby die klipperige tweespoorpad van Pienaarsrante, kom jy by die kruising, wat die Karoomense die cross noem. Hier word die tweespoorpad 'n bietjie breër en die klippe 'n bietjie minder en die stories in die kajuit van die rooi diesel lighartiger. Wanneer ons by die cross by die groot grondpad kom, raak die kajuit stil. Die geboortekanaal van die klein tweespoorpad word wyer en die stilte word dan die broeiplek waar jy jou voorberei op die dorp.

Op die dorp moet jy als vinnig doen. Jy't nie tyd vir gesels nie en dan is daar altyd dinge waarvoor jy nie hierdie keer tyd gehad het nie en waarvoor jy volgende keer moet terugkom, en so word die bos vir eers in die agterkamer van jou bewussyn gebêre.

En partykeer gebeur die ergste: dit begin reën terwyl jy nog op die dorp is. Wéér reën. Dan begin jy soos 'n hoender met paraffien aan sy gatvere hardloop om als klaar te kry dat jy kan uitgaan. Een so 'n dag het dit sommer al vroeg begin reën terwyl ons die dorp-ding doen. Die riemtelegram wat deur die dorp gegons het, was dat dit vreeslik gereën het in De Jagerspas en Nelspoort se kant toe en dat Soutrivier afkom. Op pad huis toe moet ons 'n hele paar keer deur die Soutrivier ry wat, as hy sterk afkom, oor die hele pad loop. Gelukkig is die pad meestal kalkgrond daar, so jy sal nie sommer vassit nie, maar jy kan wegspoel.

Toe ons uit die dorp uit ry, begin die oom met sy wegspoelestorie. Dié keer toe sy broer, Koos, vir Trompetbek met 'n donkiekar moes wegvat. Op die kar was 'n hamel vasmag, 'n haan en 'n hen, Trompetbek se koffers en

haar trommels. Toe hulle by die rivier kom, vertel die oom, het Koos wantrouig na die water gekyk en na 'n rukkie gesê hy dink hulle moet maar omdraai. Trompetbek wou niks hoor nie. Sy wil vanaand in haar nuwe blyplek intrek, want sy moet môre inval. Teen sy sin het Koos die leisels gelig en vir die donkies gesê: “Hup! Kom ons gaan!” Sy woorde was skaars koud toe die donkies teen die water begin stoei. Eers spoel die hoenders weg, toe die eerste trommel, die koffer, en toe tuimel ál die goed in die kolkende water in. Die donkies verdwyn onder die water en die volgende oomblik sien Koos Trompetbek se kopdoek, toe weer haar voete, en toe, genadiglik, weer die kopdoek. Daar waar die rivier 'n draai maak, kry Trompetbek 'n kareeboom se tak gegryp waaraan sy kan klou vir die vrek totdat sy haar self uit die water kan hys. Toe die donkies weer regop in die kar kom, skrou Koos, daar waar hy soos 'n neet aan die slashboard vasklou: “Kom, ons moet deur! Beur! Beur! Gaan deur!” En hy roep elke donkie op sy naam: “Duifie! Dorris! Gaan deur!” Toe hulle anderkant die rivier uitkom, was dit net die papnat hamel en Koos op die kar.

Hierdie storie het my tot by die Soutrivier gebring, hier waar hy so sterk oor die pad loop dat hy skuimbolle teen die bosse maak. Anderkant die water sien ek twee Landcruisers staan. Ek is so meegevoer deur die storie dat ek so dapper voel dat ek in my kortsigtige droomverlorenheid dink hulle is seker maar net ordentlik, hulle wag dat ek eerste deurgaan. Dapper is 'n gewone bakkie, nie 'n 4x4 nie, en wat my laat dink het hulle is polite, is ek tot vandag toe nie seker van nie. In die Karoo loop riviere gou af. Mens kan so 'n uur of twee

wag en dan deurgaan. Die wagtende bakkies was eintlik 'n teken van gevaar, maar die storievertelling voor in die kajuit het my so dapper gemaak dat ek sonder aarseling vir die oom gevra het: "Gaan ons deur?" Die oom het my so gekyk en gesê: "Onthou, as Juffrou in die water ingaan, moenie vir die water kyk nie. Malende water laat jou kop draai. Kyk daar anderkant, daar waar Juffrou gaan uitkom. Bly kyk na die pad. As Juffrou voel die stroom word te sterk, dan draai Juffrou net die stuurwiel so 'n bietjie dat hy teen die water inry en swem. En glo, Juffrou. Nou moet Juffrou glo."

Toe ons inry, voel ek die water is baie sterk en ek begin net daar ophou asemhaal, en die oom in die agtergrond: "Hou hom so, Juffrou, hou hom net so." Dit voel naderhand of my neusvleuels by die ruit van die bakkie uitsteek soos die bang my beetpak, maar ek hou net my oë op daai stuk pad wat anderkant die rivier uitsteek. Nou en dan liglig die water Dapper se voete van die grond af op, maar ek klou aan my glo en ná wat soos ure gevoel het, vat die diesel se voete weer grond en ek kom tot stilstand langs die 4x4'e. Hulle oë was soos pierings. En omdat hulle ruite afdraai was, het ek gevoel dat ek my ruit ook moes afdraai. Sonder 'n gedagte in my kop, met oë ietwat verstar in hulle kasse, sê ek: "Is hierdie reën nie fantasties nie!" Ek besef toe dadelik dat my stem snaaks klink en ek nou seker nog snaakser lyk. Toe waai ek maar en ry verder. Toe ek in my wegry in die truspieëltjie kyk, sien ek hulle staan nou nog net daar. Oor die bultjie, waar hulle my nie meer kan sien nie, stop ek, sit vir Dapper af en huil hard. Dan lag ek weer en uit die lag uit huil ek sommer weer.

Toe ek later die bakkie bewerig aansit, my trane afvee, sê die oom: “My Oupa Hansie het nooit fiets gery nie. Hy het al die myle wat hy in sy lang lewe moes aflê met sy voete geloop. Hy wou die aarde onder sy voete voel, want die aarde het hom vertel waar hy moet loop en hy het ’n diep respek vir die lang man sonder skaduwee gehad. Sien Juffrou nou hoe die lang man ons veilig deur die water gedra het? En nou vat hierdie lang man ons tot by ons huis.” Die oom bly so ’n rukkie lank stil en terwyl hy ver kyk, sê hy: “Wanneer ’n mens die dag gebore word, word jy ook gebore met ’n pad, jóú pad, ’n binnepad, en ons werk is om elke dag ons pad te loop. Om hom te loop en skoffel.”

Ek verlang só na daardie tyd toe mense mekaar nog met stories kon betower, toe mense nog die groot medisinale waarde van ’n storie besef het. Deur die eeue, voor die mense hulle in skrif kon uitdruk, is die grootste gebeurtenisse as ’n storie vertel. Elke verteller het dan sy eie stertjie bygesit, dis die stukkie lout wat iedere verteller het. Jy moet jou eie gees in jou storie wat jy vertel, insit. So word die verteller en die luisteraar weggevoer na ’n tyd lank, lank gelede en in die wegvoer lê die vitamienes en minerale; die doepa en die paljas, die medisyne.

Baie keer as Koos, oom Johannes se broer, saam met Jakob Skaarnek Theefontein toe kom, sal ek, terwyl ek my werfwerkies doen, hoor hoe ’n geskater deur die oom se huisie weergalm. As ek nader gaan om te luister, hoor ek die een vertel hoe hy moes weghardloop dat sy kleinruggie hol geword het en sy voete letterlik gerol het toe hy onder die ratels moes uithol. Die mense wat luister, sien die



prentjie so duidelik in hulle verbeelding dat hulle net daar begin lag, want hulle het al almal vir iets weggehardloop: óf ’n beesbul, óf ’n volstruis, óf ’n ratel. En as die verteller eers daar kom waar hy uitasem teen die windpomp uit moet steier om homself te red, dan rol die luisteraars op die grond van die lag. Almal het al miltsteek van die lag wanneer hy sy storie afsluit met hoe hy van tienuur die oggend tot sesuur die aand, dood van die dors, heel bo in die pomp moet sit terwyl die ratel ’n voetpad hier onder die windpomp om en om loop. As jy ’n storie het, is jy nooit alleen nie. En as jy ’n getuie het in jou luisteraar, is jy so dankbaar om na elke vertelling te sê: “Sjoe, dit was hittete, maar hier staan ek nog vandag.”

Ons het wonderlike vriende in die Groot-Marico en so een keer in twee jaar druk ons Dapper se neus in die pad en klim op die lang man sonder skaduwee Marico toe. Op die vreemde paaie wat vir ons totaal onbekend is, dra die lang man ons met teerheid en geduld. Waar ons bang word omdat ons dink ons verdwaal deur die afdraaipaaie of die ompad-verdwale, lei hierdie man ons altyd veilig tot in die Bosveld. En hy lei ons weer veilig tot in die Groot-Karoo wanneer ons terugkom. Soos jy naderkom aan die paaie wat bekend is, begin die lang man jou as vertroueling dra. Jy voel sy blydskap as jy weer terug is in jou eie wêreld. As jy dié intieme man sonder skaduwee ry, omhels hy jou. Hy dra jou op sy hande met blydskap dat jy weer op hom loop, hier in jou eie kontrei.

En die soet omhelsing van die lang man sonder skaduwee as jy by jou werf inry: Jy voel die liefkosing van die

lang man se vashou soos jy die grondpadafdraai vat van die teerpad af, en in sy omhelsing lei hy jou saggies tot op jou werf.